Geleentheid vir Donasie

Registrasienommer: 035-918-NPO

Die CMR Gauteng – Oos is opsoek na besigheids- en gemeenskaps vennote om te verseker dat die CMR "PasellaPakkies" kinders en families bemagtig.

Agtergrond:

Die CMR is een van die min welsynsorganisasies wat nog kos kan gee vir gemeenskappe in nood aan wie ons professionele maatskaplike werk dienste lewer. Ten spyte van die ekonomiese druk het ons steeds gevestigde voedsel projekte wat in 'n ongelooflike kos nood voorsien. Dit sou egter nie moontlik gewees het sonder die hande van die gemeenskap wat hiermee help nie.

Die CMR (Christelik - Maatskaplike Raad) Gauteng-Oos het sy oorsprong in 1919 toe 'n Armsorgkommissie op die been gebring is om in die behoeftes van kinders en gesinne in nood te voorsien. Byna 100 jaar later is dit nog die kern van ons dienste naamlik om kinders en gesinne in nood by te staan en te bemagtig. Die CMR is 'n geregistreerde Kinder-en gesinsorgorganisasie en lewer professionele maatskaplike werk dienste deur voorkomend op te tree deur gemeenskapsprojekte en intensiewe beradingsdienste. Ons hooffokus is om kinders wat verwaarloos, mishandel en verlaat word te beskerm.

Die kosprojekte sluit in sopkombuise, broodjieprojekte, bevrore kos, kospakkies ens. Die groot taak sou egter nie sonder ons lojale donateurs gedoen kon word nie, waarvan baie van die NG kerk is. Jaarliks beloop die bedrag wat ons gemeentes gee vir kos ongeveer 1.5 miljoen terwyl skenkings van kos en klere ook ongeveer 1.5 miljoen rand beloop.

Bekende instansies soos KFC en Woolworths loop ook 'n lang pad saam met die CMR.

Teiken Mark: Kooperatiewe Organisasies, kerke en individue in die gemeenskap wat wil betrokke raak en sodoende 'n verskil en impak verseker in kinders en families se lewens.

Projek Ambassadeur: ***Ghapi***, welbekende drommer, sanger en radio aanbieder het onderneem om 2016 saam met ons PasellaPakkies te loots en te dryf om sodoende die nodige bekendstelling en hulp vir gesinne in nood te bekom.

Media: Gemeenskaps Koerante, CMR Gauteng - Oos webtuiste asook 'n wye dekking op sosiale media.

Ons behoeftes:

1. Ons benodig nie bederfbare voedsel wat dan na die verskillende CMR rade versprei sal word om dan aan kinders en families met voedsel nood voorsien word.
2. Finansiele bydrae om vars voedsel produkte en droë bestandele aan te koop en te versprei.

Mev Sandra Kruger kan gekontak word by 012 3614613/19 vir enige aflewerings van 'PasellaPakkies tydens Kantoor ure: 08h00 tot 15h00:

Afleweringsadres:
430 Quebec Street
Faerie Glen
Pretoria

Wat bied die CMR Gauteng Oos:

- Artikel 18A in geval van 'n finansiële donasies
- BEE Sertifikaat vlak 4
- Media dekking

Wat is 'n 'PasellaPakkie'?

'n 'PasellaPakkie' is enige tipe nie bederfbare voedsel pakkie en kan ook toiletware en Skoonmaakmiddels insluit.

Kontak ons gerus:

Sandra Kruger (Navrae)
CMR Gauteng Oos
012 361 4613/19

Merinda Smit
Fondsinsameling en Funksie Bestuurder CMR Gauteng -Oos
082 339 55 77

Ilse Ferreira

Media
082 330 7596